DANKBAARHEIDSMAAND

Ons het die afgelope tyd saam gehuil, saam gebid en saam geworstel oor die radikale en ingrypende veranderings in ons lewens. Ons harte gaan ook uit aan na elkeen wat ‘n geliefde, vriend of familielid aan die dood afgestaan het. Ons is ook bewus daarvan dat die impak van die COVID 19 pandemie sommige plekke en in baie van ons lewens nog kwaai aan ons knaag. Derhalwe bid ons met dankbaarheid dat God sal voorsien, soos Hy nog altyd gedoen het.

Oktobermaand is in ons kerk en in die gemeente ‘n besonderse maand en staan ook bekend as die Dankbaarheidsmaand. Die leiers van die gemeente nooi daarom almal uit om biddend te besluit hoe ons in hierdie maand kan gee uit ons dankbaarheid teenoor die Here. Dankbaarheid is een van die grootste offers wat God verwag. Reg aan die begin (Gen. 4) het die mens uit dankbaarheid vir dit wat hulle van God ontvang, ‘n offer aan Hom gebring. As gelowiges ‘n offer bring, staan hulle lewens in die getuienis daarvan dat dit God is wat sorg vir hulle daaglikse brood. Dit is ‘n erkenning van ons afhanklikheid van God!

Met ‘n offer gaan altyd ook ‘n stuk **opoffering.** Die mense van die Ou Testament moes offers voorberei, diere gaan aankeer en slag, graan insamel en maal, selfs eers bak of braai voor hulle dit na die Here gebring het – **opoffering!** Die vroutjie wat haar laaste paar sente ingooi (Luk. 21), het nie *iets* nie, maar *alles* **opgeoffer** – dalk die dag of selfs die week of maand se melk- en broodgeld?

Ons het ‘n verwagting dat die Here hierdie jaar die kruike wat ons uitpak (2 Konings 4) vir ons Dankbaarheidsmaand, sal vul met R1 300 000 om die Here se werk in die gemeente te doen. Gedurende Oktober 2020 het ons as gemeente R1 225 271 gedurende Dankoffermaand **opgeoffer**. Ons glo dat ons verwagting vir Oktober 2021 sal realiseer as ons **elkeen** gehoorsaam is en **opoffer**!

Die Here is vir ons goed! Kom ons dank Hom vir sy goedheid en guns!

MANIERE WAAROP U DANKOFFER KAN GEE?

- Tydens kerkkantoor-ure by die kerkkantoor.
- Elektroniese betaling: NGK Suider-Paarl, ABSA Tak: 632 005, Tjekrekening: 740 580 132
- Per debietorder (reël met die Kerkkantoor)
- Via Snapscan:

VERWYSING MET EFT:
DANKBAARHEIDSMAAND
OF
10DE MAAND

Ons is baie dankbaar vir elke bydrae!